*Saterdag* **7 Februarie**
**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:1-6 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 4:1, 6**

**God se barmhartigheid dryf die verkondiging van die evangelie voort**

Wanneer dinge nie uitwerk soos beplan nie, dit swaar en moeilik gaan, jy teenstand ervaar, kan mens maklik moedeloos word en wil jy moed opgee. Nie Paulus nie. Op 'n paar plekke in die brief vertel hy van al die moeilikhede wat hulle deurgemaak het. En tog het hulle nooit moedeloos geword of moed opgegee nie. Maar hoe?

God se ontferming. In vers 1 hoor ons hom sê: *"God het Hom oor ons ontferm en hierdie bediening aan ons opgedra. Daarom word ons nie moedeloos nie."* Die 1953-vertaling praat van "die barmhartighede wat hulle ontvang het". So was hyself aan die ontvangkant van God se barmhartigheid deurdat hy in die mag van die duisternis vasgevang was toe hy die gelowiges vervolg het. Maar toe het hy die "Lig" gesien: Christus wat hom op die pad na Damaskus voorgekeer het. Na hierdie ontmoeting het hy 'n ywerige dienskneg van God geword wat die lig van die evangelie in 'n donker wêreld ingedra het. Dis waarom Christus gekom het: as die Lig vir die wêreld (Joh. 9:5) om mense wat in die duisternis van die sonde vasgevang was, oor te bring na die lig. Dis onder andere waarom die Heilige Gees gegee is: om harte en gedagtes te verlig, sodat jy die evangelie wil hoor, jy in Christus kan glo en binne die ligglans van God se genade wil leef.

So maklik word mens moedeloos oor al die slegte dinge wat rondom jou gebeur. Dan moet ons onthou: Ons lewe ook in 'n wêreld waar God se barmhartigheid tot ons gekom het. Ons het 'n Vader wat na ons kyk en ons versorg. Maar ons het ook 'n opdrag: om die lig van die evangelie in die wêreld in te dra. Daar is die gesegde: "Die kwaad oorwin wanneer goeie mense ophou goeddoen." Dieselfde geld vir die duisternis: "Die duisternis oorweldig wanneer die lig ophou skyn." Deur Christus en die Heilige Gees wat in jou woon, het jy God se lig ontvang. Laat dit skyn waar jy is!!

*Sing: Skrifberyming 61/1-3:1, 3 (Melodie van Ps. 130)*
*Ds. PC (Nelius) van Rooy (Elandskraal)*